**H.P. van Coller & D.F.M. Strauss**

H.P. van Coller is professor en hoof van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die Universiteit van die Vrystaat., Bloemfontein. D.F.M. Strauss is verbonde aan die Dekaanskantoor van die Fakulteit Geesteswetenskappe aan dieselfde universiteit.
E-pos: 0828259743@voda.co.za en dfms@cknet.co.za

# "Die dissonansie van die dissidente diskoers": Oor metodologie en vakbeoefening in die Geesteswetenskappe

## "The dissonance of dissident discourse": On methodology and scientific scholarship in the Humanities

Meaningful, frank and even polemical academic discourse lies at the heart of scientific scholarship. Such a discourse as a bartering of ideas should be governed by the same *felicity conditions* (Austen, 1962) namely "quantity", "quality", "relation" and "manner" as any other discourse. If these conditions are not met a discourse cannot be fully actualized. This implies appreciation for valuable insights, truthful and succinct rendition of the opponent's views and relevance and fairness in your response. It will enhance intersubjectivity – one of the most important features of any scientific endeavour. This reaction to John (2005) tries to meet these conditions in refraining from personal attestations and rather concentrating on differences pertaining to theoretical issues. The focus is therefore on methodological aspects underpinning all scientific scholarship. **Key words:** dissident discourse, scientific scholarship, literary criticism, Afrikaans literature.

### Inleidende opmerking

Die hartklop van wetenskapsbeoefening – ook in die geesteswetenskappe – is onder meer geleë in sinvolle akademiese gesprekvoering. In hierdie gees en in die lig van die volgende artikels (met name Van Coller 1997, 2005 en John 2000, 2005) beoog hierdie artikel om 'n bydrae te lewer tot sodanige akademiese gedagtewisseling.

Hoewel die akademiese wêreld die eis van kritiese denke gewoonlik heelhartig onderskryf, is dit nie altyd so maklik om die kriteria wat "kritiese denke" normeer uit te lig nie. Oor die algemeen word tewens uit die oog verloor dat kritiek goedkoop is, altans indien dit nie voorafgegaan en onderlê word deur 'n evaluering van dít wat positief gewaardeer kan word in die bydrae van die gespreksgenoot nie. Dit is immers veel makliker om kritiek uit te oefen as wat dit is om rekenskap te gee van wat die moeite werd gevind is, selfs al sou nog anders rekenskap gegee word van dit wat sinvol geag word. Die leidster van wetenskaplike gesprekvoering behoort daarom kritiese solidariteit te wees, of verkieslik soos N.P. Van Wyk Louw gesê het: lojale verset. 'n Verdere maatstaf vir sinvolle, krities-solidêre gesprekvoering is gegee in die eis om nie van algemene negatiewe stellings of aantygings gebruik te maak sonder enige stawende verwysings of voorbeelde nie.



06 Van Coller 03.pmd 79 2006/06/12, 03:50 PM

**Wetenskapsteoretiese gesigspunte**

Die besorgdheid van John oor die aard en status van beide die letterkunde en die literatuurwetenskap kan positief waardeer word – en dieselfde geld van die feit dat hy nie skroom om die terrein van die wetenskapsfilosofie te betree nie. Want, soos Laan (2001: 78) dit stel "[e]r was een tijd waarin wetenschapsfilosofische vragen betrekkelijk ruime aandacht kregen in kringen van neerlandici en andere literatuurwetenschappers". Ongelukkig het metodologiese kwessies in Nederland, en hier te lande, in die afgelope jare veel minder gefigureer in literatuur-(wetenskaplike) kwessies. Laan (2001: 84) praat selfs van "een gebrek aan kennis op wetenschapsfilosofisch gebied" in Nederland. In Suid-Afrika is die situasie, helaas, nie anders nie. In verskillende kontekste vra John in sy repliek fundamentele (wetenskapsfilosofiese) vrae oor die verskil en samehang tussen onderskeibare (studie)gebiede (by geleentheid praat hy van "ontologiese domeine").

Juis in hierdie positief te waardeerde vraagstellings skuil daar egter 'n skadukant, want die leser word meer dikwels in die duister gelaat oor watter antwoorde moontlik op die gestelde vrae verskaf sou kon word. In bepaalde gevalle bevat sy betoog egter duidelike antwoorde – iets waarop ons eerstens in 'n wetenskapsfilosofiese konteks wil fokus.

Klaarblyklik as 'n onproblematiese gegewe aanvaar John dat die modernisme agterhaal is in die huidige postmodernistiese era. Die fragmenterende (en relativerende) effek van laasgenoemde laat hom egter nie terugdeins van die trek van lyne en die maak van onderskeidinge nie – eweneens iets in sy gedagtegang wat positief waardeer kan word. Die probleem van die modernisme is immers nie bloot die hantering van universele kategorieë en onderskeidinge nie, maar juis die oorwaardering daarvan, asof die menslike insig daarin ewe universeel en ewig-vas sou staan. Hoeseer ons vandag daarop bedag is om die relatiwiteit en voorlopigheid van wetenskaplike insigte te beklemtoon, impliseer hierdie sensitiwiteit geensins dat wetenskaplike denke daaraan kan ontkom om grense op te meet en om onderskeidinge (met 'n universele strekking) te tref nie, of dat wetenskaplike denke onherroeplik oorgelewer is aan 'n grensuitwissende relativisme nie. Elke beklemtoning van relatiwiteit berus tewens altyd op iets wat aan die relatiwiteit wat daardeur verwoord word onttrek is.[1] John behoort goed te weet dat die deurbreking van byvoorbeeld genre-verwagtinge alleen beskryfbaar is teen die agtergrond van genologiese omskrywing, dus grensstellende kategorisering.

In sy uiteensetting stel John beskrywing teenoor "ingrype" en "deelname" aan die "literêre sisteem" – 'n teenstelling wat nog iets weerspieël van die "feit-waarde" digotomie.[2] Eerstens moet daarop gewys word dat norm-aanlegging (dit wil sê evaluering) ook geskied in die geval van beskrywing, want wie iets beskryf, is besig om te identifiseer en te onderskei en moet in hierdie proses onvermydelik die logiese beginsels van identiteit en teenspraak toepas. Beskrywing is met ander woorde anali-



06 Van Coller 03.pmd 80 2006/06/12, 03:50 PM

tiese evaluering. Tweedens bestaan daar ′n verskil tussen "ingrype" en "deelname" enersyds en die intrinsieke aard van literêre werke as estetiese artefakte andersyds.[3] ′n Verdere verskil wat verreken moet word, maar wat in die gedagtegang van John ineenvloei, is die onderskeid tussen literêr-wetenskaplike besinning en die (nie-wetenskaplike) aard van literêre werke. (John pleit wel vir die waarde van die "estetiese".) Die absolute digotomie van "beskrywing" en "ingrype", kortom van "wetenskap" en 'kritiek" waarop John hier sinspeel, behoef self verdere diepgaande besinning. Ook in die Nederlandse diskussie het dit soms gelyk asof die debat uitsluitlik hieroor gegaan het (kyk Laan 2001: 81). ′n Meer diepgaande vraagstelling sou wees om aandag te gee aan dié ooreenkomste en verskille ten aansien van "wetenskaplike handeling" teenoor "wetenskaplike kennis". Moontlik sou dit ook die interpretasie (soms op beskeie wyse "leesvoorstel" genoem) wetenskaplik kon rehabiliteer al is dit binne ander kaders, veral sosiale kontekste.

John verwys na J.M. Coetzee wat praat van die "kolonisasie van die letterkundestudie deur ′n ander dissipline" en na aanleiding daarvan merk hy dan op dat die ekwivalente dissipline by Van Coller die (ego-) sielkunde is. Maar in John se bespreking vervaag die grense tussen literatuur en ′n kunde oor literatuur. John se aanvanklike spreke van literêre kritiek veronderstel dat daar werklik ′n verskynsel literatuur bestaan wat bestudeer en krities beoordeel (kan) word. Die woord "letterkunde" en "letterkundige" word egter dubbelsinnig gebruik, want in een geval dui dit literatuur aan en in die ander geval die "-kunde" of bestudering van literatuur. Hierdie dubbelsinnigheid lei selfs tot ′n toutologiese aanduiding soos "letterkundestudie". As "letterkunde" reeds die bestudering van literatuur is, dan is "letterkundestudie" die bestudering van die bestudering van literatuur.

In hierdie konteks vra John na die eintlike "objek" waarmee Van Coller besig is – in aansluiting by sy vroeëre opmerking dat hy geïnteresseerd is in die "ware of eintlike 'ondersoekobjek'" waarmee Van Coller besig is, "te wete letterkunde of letterkundige tekste en die verband waarbinne hierdie objekte bestaan, naamlik letterkundige ondersoek". Hierdie opmerking is in verskeie opsigte problematies. Eerstens is dit wetenskapsteoreties gesien ontoereikend om van die "ondersoekobjek" van ′n vakwetenskaplike dissipline te praat. Elke sogenaamde "studie-objek" besit tewens ′n veelsydigheid (veelkantigheid) wat gelyktydig toegang verleen aan ′n menigvuldigheid vakwetenskaplike dissiplines. Die bestudering van die boeke-mark benader literêre werke byvoorbeeld vanuit ′n ekonomiese gesigshoek – wat verskil van ′n literêre of literêr-estetiese invalshoek. Die vraag is dus nooit: watter "objek" word bestudeer nie, maar: vanuit watter aspek/gesigshoek word ′n bepaalde verskynsel ondersoek.[4] Van Coller sou in elk geval op John se vraag antwoord dat sy ondersoeksobjek nooit net die letterkunde of letterkundige tekste is nie. As literatuurwetenskaplike bestudeer hy die *literêre veld*, waarvan letterkundige tekste slegs ′n onderdeel uitmaak. ′n Letterkundige wat hom tans die luukse veroorloof om slegs op die elitêre literatuur/



06 Van Coller 03.pmd 81 2006/06/12, 03:50 PM

letterkunde te fokus in sy of haar onderrig en navorsing, versaak nie net sy of haar plig nie, maar bring die vakgebied in diskrediet en kan in John se woorde "letterkunde [laat] verdwyn as dissipline".

'n Verdere problematiese siening is aanwesig in die (gemelde) opmerking van John, naamlik dat "die verband waarbinne hierdie objekte bestaan" dié is van "letterkundige ondersoek". Dit is 'n besondere eng opvatting van die veelsydige bestaan van "letterkundige tekste". Die potensiële leser (en koper) omvat sekerlik veel meer as die literêre kritikus! Op hierdie punt is dit egter nodig om enigsins nader in te gaan op die volgende tema.

**Literêre werk en "dissiplines"**

Die eintlike beswaar wat John teen die gedagtegang van Van Coller het, is dat laasgenoemde deur middel van die tema van stories en vertellings uiteindelik die "letterkundestudie [laat] verdwyn as dissipline" – analoog aan wat John vroeër by monde van Coetzee sê oor die "colonization of the novel by the discourse of history". Die "terapeutiese draai" wat volgens John ook in die denke van Van Coller beslag kry, berus op 'n gedagte wat "letterkunde" reduseer tot "stories" of "narratiewe" met die effek van "heling deur terapie". Daarmee is volgens John die "kolonisasie" dan voltrek, want die "uitings wat Van Coller maak binne die raamwerk van sy benadering sorteer primêr binne die kader van die sielkunde" – aldus John.

John se opmerking dat dissiplines "aan die lopende band idees en konsepte oor en weer" leen, word opgevolg deur 'n paragraaf waarin gepraat word oor verskillende dissiplines en "geleende konsepte". Die vraag is egter of dit sinvol is om (saam met Coetzee) van "die kolonisasie van letterkunde deur 'n ander diskoers of dissipline" te praat? Hierdie formulering suggereer immers dat letterkunde sélf 'n wetenskaplike dissipline is – wat dit in werklikheid nié is nie. Hoogstens sou gesê kon word dat "letterkundestudie" 'n wetenskaplike (sub-)dissipline is. Later praat John wel van "letterkundestudie" en merk dan op dat indien Van Coller primêr sielkundig besig is, die vraag ontstaan waar "letterkunde" (bedoel moet wees: letterkundestudie) inpas?

John stel dit nog "konkreter": "indien letterkundestudie, soos deur Van Coller voorgestel, neerkom op die ondersoek van onderwerpe en objekte wat onder die sielkunde ressorteer, wat is die rasionaal vir die voortbestaan van aparte letterkundedepartemente aan universiteite?" Na aanleiding van ons vroeëre opmerkings oor die ontoereikendheid van die gedagte van 'n "studie-objek" as afgrensingskriterium vir vakwetenskaplike dissiplines, is dit duidelik dat John se argument hier bloot die absurde konsekwensies van sy eie onhoudbare gedagte van 'n "studie-objek" trek en gevolglik hoegenaamd nie die posisie van Van Coller in enige opsig tref nie. Geen sogenaamde "studie-objek" behoort eksklusief tot 'n enkele vakwetenskap nie, want



06 Van Coller 03.pmd 82 2006/06/12, 03:50 PM

die verskeidenheid konkrete dinge, gebeurtenisse, artefakte en samelewingsverhoudinge ("objekte") funksioneer tegelyk in alle aspekte wat as onderskeidende gesigshoeke vakwetenskaplike studie (kan) begelei.

Die kunsfilosofiese perspektief wat op hierdie punt 'n bevrydende insig na vore kan bring, is geleë in wat D.F. Malherbe reeds in 1947 in 'n artikel beredeneer het. In die lig van die feit dat John in sy proefskrif 'n hele hoofstuk aan Malherbe afgestaan het (sonder om aandag aan hierdie artikel te gee) mag hy dit moontlik insiggewend vind om van die standpunt van Malherbe (1947) kennis te neem. Malherbe benader die aard van die kunswerk vanuit twee kante – in terme van die selfstandigheid daarvan (as esteties gestempelde kultuurobjek) en in die lig van die afhanklikheid daarvan (in verweefdheid met die nie-estetiese dimensies van die werklikheid). Hoewel dit enersyds waar is dat die kunswerk as estetiese artefak 'n selfstandige kultuurproduk is, bestaan dit andersyds – net soos enige ander entiteit – in 'n fasetryke veelsydigheid. Met ander woorde, kragtens die estetiese stempel daarvan beliggaam die kunswerk iets selfstandigs, maar hierdie eie-geaardheid vind sy keersy in die afhanklike verbondenheid van die kunswerk met alle ander fasette van die werklikheid. Die kunswerk openbaar tewens 'n inwendige en 'n uitwendige vervlegting met die verskillende nie-estetiese fasette daarvan – waarby in gedagte gehou moet word dat elke aspek konstitutief, in die sin van medebepalend, vir die bestaan van 'n kunswerk is.

Enige kunswerk behoort byvoorbeeld in estetiese sin eksesse te vermy, want dít wat esteties eksessief is, is on-esteties (esteties antinormatief). Hoewel daar sekerlik verskil van mening bestaan oor wat esteties en wat on-esteties is, demonstreer hierdie kontrêre teenstelling (esteties – on-esteties) die normatiewe aard van estetiese uitinge. Die opgawe om die esteties-eksessiewe te vermy, belig die inwendige samehang tussen die estetiese en die ekonomiese aspekte van die werklikheid. Die uitwendige samehang betref daarenteen die konkrete wyse waarop die kunswerk as kunswerk in die ekonomiese aspek funksioneer – soos wat dit onder meer vergestalt is in die prys daarvan op die vrye mark. Elke kunswerk (en dus ook elke literêre kunswerk) kommunikeer 'n estetiese boodskap, behoort esteties iets te sê (die inwendige samehang tussen die estetiese aspek en die teken(taal)aspek).[5] Elke kunswerk kry beslag deur estetiese vormgewing – dit wil sê kragtens die inwendige samehang tussen die estetiese aspek en die kultuur-historiese aspek (die konkrete ontstaans- en bestaansgeskiedenis van 'n kunswerk dui daarenteen op die uitwendige samehang tussen die estetiese en die historiese werklikheidsaspekte).

Ons vermeld nog twee verdere samehangsmomente. Elke kunswerk appelleer op die sintuiglike waarnemingsvermoë van die mens (dit besit naamlik 'n sintuiglike waarneembaarheidskant – die uitwendige samehang), wat uiteraard verskil van die inwendige (normatiewe) eis dat 'n kunswerk esteties sensitief behoort te wees vir die nuanserykheid van die skepping. In die fisiese aspek van die werklikheid ontmoet



06 Van Coller 03.pmd 83 2006/06/12, 03:50 PM

ons allereers die aard van energie-werking, wat telkens veranderinge veroorsaak. Daarom is die oorsaak-gevolg relasie oorspronklik in hierdie aspek. Desnietemin is dit volkome sinvol om van estetiese oorsaaklikheid te praat, want elke kunswerk oefen ′n bepaalde estetiese effek uit op die leser en gemeenskap waarbinne dit funksioneer (die inwendige samehang tussen die estetiese en die fisiese aspekte.)[6]

In terme van hierdie perspektief op die selfstandigheid en afhanklikheid van ′n kunswerk, is dit onproblematies om in ′n bepaalde konteks te praat oor die "helende" estetiese effek daarvan. Die intrinsieke estetiese aard van ′n kunswerk bevat per definisie die realiteit van een of ander estetiese effek (gevolg). En hierdie estetiese gevolge kan net so nuanseryk wees soos die werklikheid sélf – daarom kan dit wissel van emosionele gevolge tot by historiese, ekonomiese of regsgevolge. Deur enigeen van hierdie moontlikhede uit te lig – byvoorbeeld die emosionele (dat "trauma geheel kan word deur narratief") – word gevolglik nog geensins gronde gebied vir die aanklag van ′n uitverkoping aan die sielkunde nie! Van Coller sou in ′n ander konteks, met betrekking tot literatuur in ′n ander kultuurmilieu, ewe goed op sosiale of ekonomiese effekte kon wys – wat dan net so min op ′n uitverkoping aan die sosiologie of ekonomie sou neerkom.[7]

′n Goed-verantwoorde en beter genuanseerde siening van die aard van literêre kunswerke – in hul selfstandigheid en afhanklikheid – sou John bepaald kon bevry van foutiewe interpretasies soos hierdie een. Soos wat daar vanaf ′n kunswerk ′n invloed kan uitgaan op die samelewingskonteks waarin dit gestalte kry, kan daar uiteraard ook vanuit die samelewingskonteks ′n invloed op kunsvorming uitgaan (byvoorbeeld waar teoretiese en/of poëtikale opvattings hul effek laat geld). Daarom is daar sekerlik ook ruimte vir die erkenning dat die narratologie en/of die pragmatiek werklike spraaksituasies oordra na sprekers in die literêre werk.[8]

**Verdere tekortkominge in die gesprekvoering van John**

In hierdie paragraaf wil ons min of meer die voetspoor van John se gedagtegang volg.

Allereers moet daarop gewys word dat hy inderdaad die eise van sinvolle gesprekvoering verontagsaam wanneer hy deurlopend retoriese vraagstellings poneer, maar geen antwoorde daarop verskaf nie (byvoorbeeld ten opsigte van die begrip *literêr*). Sy ontoereikende wetenskapsteoretiese en ontologiese oriëntasie het hom tewens, soos hierbo aangetoon, op verskeie punte daartoe verlei om ′n wanvoorstelling van Van Coller se denke te poneer en dan die gekonstrueerde houtpop af te skiet. Die vermeende logiese verbande wat gelê word berus as gevolg hiervan op ongeldige inferensies.

Die emotief-aanmatigende toon van gesprekvoering wat John volg (vergelyk sy voortydige opmerking dat selfs foute tog aanleiding kan gee tot kennis) sou liefs vervang kon word met ′n meer beskeie tentatief-vraende aanpak. Die kwessie van



06 Van Coller 03.pmd 84 2006/06/12, 03:50 PM

vraagstelling en beskrywing behoort te verreken dat vraagstellings nie uit die niet verskyn nie omdat dit normaalweg voortvloei uit (a) ′n diepgaande kennis van die spesifieke terrein; uit (b) ′n besef van die leemtes wat bestaan in die wyse waarop daardie terrein wetenskaplik ondersoek of beskryf is; (c) leemtes uitgewys word uit hoofde daarvan dat bestaande beskrywings ontoereikend is; en (d) in feite oorgegaan word tot ′n alternatiewe beskrywing.

John se vraag: "Hoe sinvol is die verbandlegging tussen 'stories' en die verwerking van trauma *wanneer dit deur ′n literêre kritikus* gedoen word?" (ons kursivering) beklemtoon bloot dat John nie ′n sinvolle perspektief op die inwendige en uitwendige samehang tussen die estetiese en die ander aspekte van die werklikheid besit nie. Die implikasie dat ′n kritikus nie ′n sodanige verband mag lê nie word tewens nie argumentatief gefundeer nie.

Die argumentasie van John bevat telkens spronge. Van Coller het byvoorbeeld nooit die "belangrikste fokus" van die Afrikaanse letterkunde herlei tot die verwerking van trauma van die verlede nie. Die oorspronklike artikel waaroor dit gaan probeer juis aantoon dat die letterkunde konteksgevoelig is en – soos enige sisteem – altyd tegelyk selfstandig en afhanklik is. Daarom was die bedoeling om aan te toon dat die Waarheids- en versoeningskommissie-diskoers inderdaad ook die Afrikaanse letterkunde beïnvloed het, terwyl die Afrikaanse letterkunde omgekeerd hierdie verhore moontlik vooruitgeloop het. Dit hang natuurlik daarmee saam dat skrywers esteties sensitief behoort te wees vir sosiale veranderings (vergelyk bloot wat Van Wyk Louw hieroor sê en hoe sy begrip van die "die profetiese" die skrywer op die voorgrond geplaas het).

Ongelukkig substansieer John nie die aanklag dat "herinnering", "stories" en "letterkunde" "relatief simplisties" deur Van Coller met mekaar in verband gebring is nie. Meer algemeen gesproke is dit natuurlik ook nie wetenskaplik houdbaar om besware te opper wat nie aan die hand van konkrete voorbeelde toegelig word nie. John gaan byvoorbeeld eenvoudig te ver wanneer hy beweer dat die verwerking van trauma "in die sentrum van die bestudering van ′n letterkunde geplaas word". Van Coller het dit geensins in "die sentrum" geplaas nie. Hy het tewens bloot van die prosa gepraat (een van die *drie* hoofgenres), en dit dan gepresiseer ten opsigte van die prosa binne ′n duidelik gemarkeerde tydsnit.

Maar skielik word ook in die beredenering van John oorgegaan van ′n "beskrywing" na die "bestudering" van ′n letterkunde. Laasgenoemde is egter ′n veel meer omvattende proses wat onder andere ook die didaktiek van die vak insluit. Daaroor is egter geen woord deur Van Coller gerep nie. Vervolgens word beweeg na "buiteliterêre" faktore – ′n begrip wat reeds deur Wellek en Warren in hul *Theory of Literature* (1949!) geponeer is. Daar praat hulle van "the extrinsic approach to the study of literature". Wat hulle destyds só genoem het, staan vandag in die sentrum van die vak, byvoorbeeld "literature and ideas", "literature and society". Dis duidelik dat



06 Van Coller 03.pmd 85 2006/06/12, 03:50 PM

John se denke hier sy oorsprong het, want Wellek en Warren noem as een van die voorbeelde van die sogenaamde "extrinsic approaches", juis "literature and psychology" (Wellek & Warren 1949: 81 e.v.)! Waar hierdie werk in die jare sestig en sewentig die bybel van letterkunde-opleiding in Suid-Afrika was, sou 'n mens kon verwag dat 'n relatiewe jong letterkundige soos John verder beweeg het.

John gaan voort deur die haas vanselfsprekende stelling te maak dat interpretasies aan kritiese ondersoek blootgestel kan (moet) word. Hierdie "metodologiese refleksie", wat 'n vorm van meta-refleksie is, was een van die hooftake van die literatuurwetenskap in veral die sewentiger -en tagtigerjare in Nederland (kyk ook Laan 2001). Ook die besinning oor die aard en funksie van die letterkunde, letterkundekritiek en letterkunde-studie het toe hoogty gevier, sonder om daarmee te wil beweer dat sodanige vrae en fokus vandag geen bestaansreg het nie. Die "onoorbrugbare kloof" waaroor John dit het, is nog 'n strooipop wat hy orent bring. Origens is dit uiteraard nie nodig om 'n poging aan te wend om die sogenaamde "ego-sielkunde" verdag te maak en as pseudo-wetenskaplik te beskrywe nie. Dit sou goed wees om 'n beoordeling van 'n sielkundige te kry oor die verband en verskille tussen "ego-sielkunde" en "psigoanalise". Wat wel opgemerk kan word is dat die strewe na heling en die terapeutiese proses wat analise teweegbring nie noodwendig "heelheid" impliseer nie. "Heling" en "heelheid" is immers geen sinonieme soos John klaarblyklik dink nie. Die een is 'n halfwegstasie na die ander. Hiervan is daar talle voorbeelde by Freud (vergelyk onder andere Marie Cardinal se outobiografiese werk, *Le mots pour le dire*, vertaal as *Het moet eruit*).

Ons het reeds hierbo melding gemaak van meersinnige (analogiese) terme in wetenskaplike taalgebruik. Die konteks waarbinne sulke terme gebruik word is derhalwe deurslaggewend. Deur egter beswaard te wees oor die gebruik van terme sonder om voorbeelde te verskaf en sonder om te verduidelik wat met "sosiale beheer" en dergelike meer bedoel word dra nie by tot 'n sinvolle gesprek nie. Benewens die foutiewe spelling van "standaardisering" gee John ongelukkig geen blyke daarvan nie dat hy besef dat hierdie term in die linguistiek (en ook in die letterkunde) ander konnotasies besit.

Die opmerking dat mense trauma mag misbruik of dat dit 'n veelkantige begrip is, raak kant nog wal. Dit verbaas ook nie dat John soveel klem lê op "veelkantigheid en maakbaarheid" nie, juis dié ding, so verwoord John sy insig – wat hy skynbaar as oorspronklik en nuut sien – "van alle literêre tekste". Só staan dit ongeveer ook in die reeds genoemde werk van Wellek en Warren ('n bietjie meer as 'n halwe eeu gelede). Gaan lees maar gerus hul hoofstuk, "Evaluation" asook hul kriteria vir evaluering wat op Stephen Pepper se boek, *The Basis of Criticism in the Arts* gebaseer is – 'n boek wat uit die jaar 1945 dateer!

John se opmerking dat "alle letterkunde (...) uit stories" bestaan, maar dat nie alle stories "letterkunde" is nie lyk inderdaad na 'n aksioma wat neergepen word sonder



06 Van Coller 03.pmd 86 2006/06/12, 03:50 PM

dat aan die leser verduidelik word wat onder die begrip "letterkunde" verstaan word. Dat alle stories deel uitmaak van die literatuur (wat alles omvat wat in 'n bepaalde taal geskryf is), sou selfs John ook kon toegee – hoewel hy klaarblyklik 'n pan-estetiese siening van letterkunde hanteer. Natuurlik is die vraag wat dan die verskille tussen "literatuur" en "letterkunde" is? Is J.C. Kannemeyer se werk *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* dan 'n misleidende titel? Is "kinder-en jeugliteratuur" gelyk aan "letterkunde" of net in bepaalde gevalle? En indien wel, in watter gevalle?

Selfs indien 'n mens jou vir 'n oomblik binne John se paradigma sou plaas, bly daar probleme bestaan. Om te sê "[A]lle letterkunde bestaan uit stories" is sekerlik 'n oorbeklemtoning van die narratiewe aard van literatuur. Jan Engelman se "Vera Janacopoulos" is suiwer liriek, soos Cloete (1984: 8) dit na aanleiding van Multatuli stel, verrukking oor die "prag van die pou se stert". Maar is dit dalk 'n voorbeeld van 'n onsorgvuldige formuleringswyse? Of bedoel John dit metafories? Stories is bowendien soms veel meer as letterkunde. Rotstekeninge teen grotwande in Suid-Afrika is van ons vroegste bewaarde stories, maar dit beliggaam veel meer: appropriasie van die landskap, kultuurreste, ensovoorts.

Die stelling "entoesiastiese propagering van die wonderwerking van 'stories'" is tekenend van 'n trant wat betogend en nie wetenskaplik-beredenerend is nie, soos deurgaans ongelukkig ook die geval is met die bewysvoering. Dat stories ideologies bepaald en daarom nie neutraal kan wees nie is vandag algemene kennis. Geskiedskrywing is so 'n vorm van "storieskryf" met bepaalde ideologiese gevolge. Maar in die artikel van Van Coller gaan dit geensins om gemedieerde stories nie – wél oor persoonlike stories wat juis binne die ideologiestryd belangrik is.

Wanneer John vervolgens "waarheid" en "egtheid" meet aan die realiteit sou dit impliseer dat 'n ryk man nooit mag skrywe oor 'n arm persoon nie, of dat 'n blanke nie mag skryf oor die (lot van) 'n swart persoon en – *ad absurdum* – geen mens oor 'n dier mag skrywe nie. Dit is helaas die konsekwensies wat opgesluit lê in sy polemiese benadering.

John se verwysings na J.M. Coetzee is tegelyk besonder belangrik en vreemd. Binne die kader van John se beredenering sou Coetzee – wat na Australië verhuis het – eintlik nie meer met integriteit oor Suid-Afrika mag skrywe nie; dit is skynbaar die voorreg van 'n ingesetene! Coetzee is egter ook enigsins 'n swak keuse, want hy het heelwat uitsprake op sy kerfstok wat getuig van 'n neo-koloniale kyk op die Afrikaanse literatuur waarin laasgenoemde totaal onderskat word. Iemand met so 'n volslae koloniale mentaliteit kan kwalik as geloofwaardig beskou en aangehaal word in hierdie saak (kyk Coetzee 2004: vii).

Vervolgens val dit op dat Coetzee eenvoudig gelyk gegee word! Nogtans is dit volstrek onwaar dat Van Coller hoort by diegene wat hier gestereotipeer word. Van Coller het tewens pertinent gestel dat begrippe *binne bepaalde kontekste* ingevul word en hy het in die besonder verwys na begrippe soos "slagoffer" en "geweldenaar" na



06 Van Coller 03.pmd 87 2006/06/12, 03:50 PM

aanleiding van die *Holocaust*. Dalk oordeel John dat die geskiedenis steeds vaag en onseker is oor wie skuldig was aan dié wandade; maar vir enige ingeligte persoon bestaan daar geen twyfel oor wie sodanige etikette verdien nie. Fokkema (en hy kry nou die epitethon "vermaarde" by!) mag in die breë gelyk hê, maar dit is te betwyfel of hy met historici sou verskil ten aansien van die Groot Brandoffer.

Of John se goedkeurende verwysing na die estetika van Emmanuel Kant 'n gelukkige keuse is, is te betwyfel. Kant se opvatting van *interessloses Wohlgevallen* het die New Critics ruimte gebied om die estetiese aspek van die kunswerk 'n outonomistiese tint te gee, los van samelewingseise, asof estetiese waarneming bloot intellektuele kontemplasie is. Dit is ook die grondslag vir Bourdieu se aanval op die Kantiaanse estetiek (kyk Fokkema & Ibsch 1992: 108). Sonder om die ou *Staffrider*-debat weer op te warm, kan beweer word dat (estetiese) waarde nooit bloot intrinsiek is nie. Barbara Herrnstein-Smith (1984: 11) het dit skerp gestel: "all value is radically contingent being neither an inherent property of objects nor an arbitrary projection of subjects but, rather the product of the dynamics of the economic system". Van Coller het hom in die verlede al herhaaldelik uitgelaat oor die verskil tussen E(litêre) literatuur (of letterkunde) en O(ntspanningsliteratuur). Dat die verskille egter gereduseer kan word tot bloot die estetiese is twyfelagtig. Waarde is altyd relatief tot norme en funksies en word toegeken binne bepaalde tyd- en ruimtelike beperkinge. Wat die Sowjet-Marxiste as letterkunde beskou het, sou presies die teenoorgestelde wees as wat John sien as letterkunde. Dit is besonder simplisties en oppervlakkig om hul opvattings bloot af te maak as "kuns-onvriendelik". Dit ruik na snobisme en absolutisme. Op dié bladsy is talle voorbeelde van sy manier van verbandlegging wat onlogies en onbillik is en getuig van 'n literatuuropvatting/poëtika wat elitêr aandoen.

Dit is natuurlik onwaar dat Van Coller terme klakkeloos oorneem – nog afgesien van die afwesigheid van stawende voorbeelde. Dit is ewe onwaar dat Van Coller daarop uit is om die veld van ondersoek van die letterkunde te (wil) laat verdwyn. John se benadering is glad nie nuut nie. Waar word letterkunde nog bloot as 'n versameling (estetiese) tekste bestudeer en die kernvrae oor die literêre veld, die konteks, die periodes, die benaderings, ensovoorts, ensovoorts, links gelaat? Die slotsom waartoe hy kom, sny gevolglik geen hout nie. Dit mag selfs die geval wees dat sy verabsolutering van letterkunde as "kuns" groter gevare inhou. John se redenering ten opsigte van die personasie, Hanna in Brink se roman *Anderkant die stilte*, is foutief. Sy bewerk sluiting op een vlak, maar haar fokus word persoonlik gegee, al loer daar 'n verteller oor haar skouer. Dit gebeur in talle romans, onder andere ook in *Verliesfontein* van Karel Schoeman.

John se bewering dat die terreine van die individu in 'n roman en een in die werklike lewe wedersyds uitsluitend is, is problematies. Die Praagse strukturalis, Jurij Lotman het al beweer dat ons literêre taal "modelleer" op "natuurlike" taal. Die Russiese Formaliste het gepraat van poësie as taal waarop geweld gepleeg is. Ook



06 Van Coller 03.pmd 88 2006/06/12, 03:50 PM

karakters word "gemodelleer" op mense, waarom anders is karakters herkenbaar? Die term "ontologies" wat hier gebruik word – in die stelling dat dit om twee "ontologiese terreine" gaan – is reeds hierbo aan die orde gestel na aanleiding van die agtervoegsel "-logie". Insoverre hierdie term hier 'n geskeidenheid van twee ontiese domeine wil aandui, is dit problematies. Eerstens is die estetiese dimensie van die werklikheid self 'n onties-gegewe sfeer, wat net so reëel en konkreet tot ons werklikheidservaring behoort as elke ander ontiese domein. En tweedens is daar niks in die wêreld wat in afgeslote selfstandigheid bestaan nie – die sin, óók van die estetiese – kom slegs tot openbaring in die samehang daarvan met alles anders in die werklikheid. Daarom is hierbo reeds aangevoer dat dit tot die aard van 'n kunswerk behoort dat dit 'n estetiese effek op die (nie-estetiese) sye van die werklikheid sal hê (met ander woorde die fiksionele karakter in 'n roman kan die "werklik bestaande individue en hul traumas" beïnvloed). Selfs indien Brink die grens tussen storie en werklikheid sou laat vervaag – wat origens een van die kenmerke van die postmodernisme is – kan dit nie as grond daarvoor dien om Van Coller van "spronge" tussen "ontologiese domeine" aan te kla nie. Die mees omvattende hermeneutiese konteks handel eintlik oor 'n tweevoudige subjek-objek relasie, te wete dié tussen die skrywer (subjek 1) en dit (objek 1) wat geobjektiveer word in die geskrewe teks as kultuur-objek (objek 2). Vervolgens bestaan daar ook 'n subjek-objek relasie tussen diegene wat die teks lees (subjek 2) en objek 2. Dit handel dus nie oor twee "ontologiese domeine" nie, maar om één ontiese sfeer waarin onderskeie subjek-objek relasies gestalte aanneem.

## Slotopmerking

Die sorg wat John openbaar vir die voortbestaan van wetenskaplike literatuurstudie kan van harte ondersteun word – selfs al is die poging tot gespreksvoering wat hy na vore bring in vele opsigte ontoereikend. Uiteraard nooi 'n reaksie soos hierdie John as gespreksgenoot van harte uit om te reageer indien daar op enige punt nie reg aan sy eie standpunt geskied het nie.

**Aantekeninge**

1. Gellner (1985: 85) merk treffend op: "Notoriously there is no room for the assertion of relativism itself in a world in which relativism is true".
2. Uit die neo-Kantiaanse Badense skool (Rickert 1913 en Weber 1904, 1973) kom die boedelskeiding tussen beskrywing (synsoordele) en beoordeling (waarde-oordele). In 'n latere konteks gebruik John self eksplisiet meermale die uitdrukking "waarde-oordele".
3. Die idee van die *intrinsieke aard* van 'n kunswerk staan nie op 'n gespanne voet met die besef dat ons insig in die struktuur-tipiese eiestandigheid van kunswerke voorlopig en verbeterbaar is nie.
4. Die bedryfsielkunde, bedryfsosiologie en bedryfsekonomie sou versmelt het indien 'n studieobjek die kriterium was, maar alhoewel hulle met dieselfde "objek" besig is, geskied dit steeds vanuit die gesigshoek van onderskeie aspekte van die werklikheid. Die sosioloog Berger (1982: 39-40) merk tereg op: "The sociologist finds his subject matter present in all human activities, but not



06 Van Coller 03.pmd 89 2006/06/12, 03:50 PM

all aspects of those activities constitute this subject matter. Social interaction is not some specialized sector of what men do with each other. It is rather a certain aspect of all these doings. Another way of putting this is by saying that the sociologist carries a special sort of abstraction."

5. Die uitwendige samehang blyk uit die konkrete funksie van 'n kunswerk in die teken-aspek, soos beliggaam in die *naam* daarvan.
6. Dit is verblydend om te sien dat John 'n oog het vir die feit dat bepaalde begrippe oor dissiplinegrense heen verskyn (hy praat byvoorbeeld van die "lener-dissipline"). Ongelukkig dra hy egter klaarblyklik nie kennis van 'n wysgerige teorie van werklikheidsaspekte wat die samehangmomente tussen aspekte in verband bring met die *analogiese grondbegrippe* van die vakwetenskappe nie. Al die voorbeelde van die *inwendige samehang* tussen die estetiese an ander aspekte bied tewens 'n aanknopingspunt vir die vorming van bepaalde analogiese grondbegrippe (soos die wering van estetiese eksesse; estetiese segging/betekenis; estetiese vormgewing/styl; estetiese sensitiwiteit; estetiese kousaliteit).
7. Terloops wys ons daarop dat daar in verskeie tale soms die fout gemaak word om die agtervoegsel "-logies" aan 'n woordstam toe te voeg waar dit nie pas nie. So praat ook John byvoorbeeld soms van sosio*logies* en onto*logies* waar eintlik die woorde *sosiaal* en *onties* gebruik moes word. 'n Paartjie wat gaan wandel is 'n *sosiale* verskynsel – wat deur die *sosiologie* as wetenskaplike dissipline vanuit die gesigshoek van die (ontiese) sosiale aspek bestudeer kan word.
8. Daaroor het baie publikasies verskyn.

**Bronnelys**


Austin, J.L. 1962. *How to do Things with Words*. Oxford: Oxford University Press.

Berger, P.L. 1982: *Invitation to Sociology. A Humanistic Perspective*. Harmondsworth: Penguin Books.

Cardinal, Marie. 1978 [1975]. *Het moet eruit*. Vert. Hetty Renes. *Le mots pour le dire*. Amsterdam: De Harmonie.

Cloete, T.T. 1984. *Taalhandeling en die literatuur*. In H.P. van Coller en G.J. van Jaarsveld, *Woorde as dade. Taalhandelinge en letterkunde*. Durban, Pretoria: Butterworth, 1-14.

Coetzee, J.M. 2004. Preface. In Coetzee, J.M. (ed.). *Landscape with Rowers*. Princeton: Princeton University Press, vii-ix.

Fokkema, Douwe & Elrud Ibsch. 1992. *Literatuurwetenschap & cultuuroverdracht*. Muiderberg: dick coutinho.

Gellner, E. 1985. *Relativism and the Social Sciences*. Cambridge: Cambridge University Press.

Herrnstein-Smith, Barbara. 1984. Contingencies of value. In Robert von Halberg (ed.). *Canons*. Chicago & London: The University of Chicago Press, 5-39.

John, P. 2000. Versoening, *Aufarbeitung*, Renaissance, Verligting: Wat eis die Suid-Afrikaanse verlede van ons? *Stilet* 12 (1): 43-61.

_____. 2005. Die terapeutiese imperatief, stories en letterkunde: 'n Repliek aan H.P. van Coller. *Tydskrif vir Letterkunde* 43 (1): 155-167.

Laan, Nico. 2001. De rol van de wetenschapsfilosofie in de studie van de Nederlandse Letterkunde. *Nederlandse Letterkunde* 6 (1): 78-87.

Malherbe. D.F. 1947. Kuns – Selfstandig en afhanklik. *Philosophia Reformata* 12 (2): 67-85.

Pepper, S.C. 1945. *The Basis of Criticism in the Arts*. Cambridge: Harvard University Press.

Rickert, H. 1913 [1902]. *Die Grenzen der naturwissenschaflichen Begriffsbildung*. Tübingen: J.C.B. Mohr.

Van Coller, H.P. 1997. Die waarheidskommissie in die Afrikaanse letterkunde: die Afrikaanse prosa in die jare negentig. *Stilet* 9 (1): 9-21.

_____. 2005. Anderkant die stilte (André P. Brink) en die verwerking van trauma. *Tydskrif vir Letterkunde* 42 (1): 117-133.

Weber, M. 1904. Die "Objektivität" sozialwissenschaftlicher und sozial politischer Erkenntnis. In M. Weber. *Gesammelte Aufsätze zur Wissenschaftslehre*. Tübingen: J.C.B. Mohr.

Wellek, René & Warren, Austin. 1949. *Theory of Literature*. New York: Harcourt, Brace.





06 Van Coller 03.pmd 90 2006/06/12, 03:50 PM